

Hoe tree jy op in jou ontsteltenis?

Nebukadnesar!

Daar het in die lewe van koning Nebukadnesar van Babel 'n ding gebeur wat 'n invloed op hom en sy onderdane gehad het, ook op Daniël en sy vriende. Dit het donker geword in huis en paleis. Watter houding neem die betrokkenes in?

NEBUKADNESAR: Hy het 'n droom gehad. Hier staan letterlik: Wat hom versteur het. Hy bekommer hom so daaroor dat dit met sy slaap gedaan was. Dit het van hom gevlug.

Dit is die eerste reaksie van Nebukadnesar: Onrustigheid, omgekraptheid, slapeloosheid! Hy soek hulp, laat die geleerdes en besweerders en towenaars en Galdeërs voor hom staan. Hy maak dit nie vir hulle maklik nie: Hulle moet die droom en die uitleg bekend maak. Dit gee 'n geskarrel af onder die wyses, en as hulle sê dat dit nie billik is nie, gee hy opdrag om hulle almal dood te maak.

NEBUKADNESAR: In die nood. Raak van sy wysie af. Tree op soos 'n magtelose. Raak gewelddadig. Iemand praat van die bankrotskap van Babel. Die koning is bankrot deurdat hy magteloos staan teenoor sy eie droom. Die geleerdes is bankrot deurdat hulle magteloos staan voor die bevel van die koning. Wanneer jy bankrot is, maak jy allerlei planne en neem die toevlug tot uiterste dade. Dade van geweld of diefstal of oneerlikheid. Dit is die optrede van die mens wie se krag maar net tot homself beperk is. Jy sien dit vandag by so baie. Die donker wolke is baie. Onsekerheid verteer die mens. Daar word wanhopig gegryp na ankers. So baie in ons tyd is wêreldmense. God word verkondig as dood. Jesus as 'n onwerklikheid. Geloof as 'n foefie.

Staan jy nie dalk hierin vlak langs Nebukadnesar en die mens van jou tyd nie! Raak jy nie ook vanweë al die dinge van jou kop af en doen dwase dinge nie?

Sing: Psalm 68:7 (1936)

Ds LD Aucamp (Emeritus)